SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION
REGSDIENSTE
NUUSBRIEF | NEWSLETTER
regsdienste@saou.co.za
012 436 0900
www.saou.co.za

Insig | Insight 01/2021

28/01/2021

## DIE AANSTELLING EN OMSKAKELING VAN TYDELIKE OPVOEDERS NA PERMANENTE STATUS

Op 25 September 2018 is daar in die RAVO 'n kollektiewe ooreenkoms (**04 van 2018 – Die aanstelling en Omskakeling van Tydelike Opvoeders**) gesluit wat die omskakeling van tydelike personeel na permanente aanstellings reguleer aangesien elke provinsie voorheen sy eie metodiek bepaal het.

Vir 'n opvoeder om te kwalifiseer, moet die opvoeder in diens wees by wyse van 'n vaste termyn kontrak, in 'n befondsde, substantiewe en vakante posvlak 1-pos. Let wel dat dit nie van toepassing is op persone wat bloot as plaasvervangers waarneem nie.

Die volgende moet in plek wees voordat 'n opvoeder permanent omgeskakel kan word:

- hy/sy die posisie vir 'n minimum van drie aaneenlopende maande beklee het; en
- hy/sy vir die posisie kwalifiseer; en
- hy/sy permanent by SARO geregistreer is; en
- 'n RSA burger of 'n persoon met 'n verblyfpermit is.

Hiërargie is egter ook van toepassing synde voorkeur verleen word aan (a) 'n oortollige opvoeder op die diensstaat (b) 'n eerste aansoeker wat 'n beurshouer is, (c) enige ander eerste aansoeker of (d) 'n gekwalifiseerde werklose opvoeder.

Die omskakeling mag onder sekere omstandighede geweier word en nie beskikbaar wees aan persone wat tevore voortydig afgetree het nie, tensy individuele toestemming verleen is.

Die hoof begin die proses deur die SBL se bevestiging dat daar nie geskikte persone ingevolge bogemelde hiërargie beskikbaar is nie, asook ander dokumente wat voormelde vereistes bewys, by die Departement in te dien.

Die omskakeling is 'n proses wat onderhewig is aan sekere vereistes en daar is 'n paar aspekte wat die uitvoering kan vertraag of verhinder, byvoorbeeld:

## THE APPOINTMENT AND CONVERSION OF TEMPORARY EDUCATORS TO PERMANENT STATUS

On 25 September 2018 the ELRC concluded a collective agreement (**04 of 2018 – The Appointment and Conversion of Temporary Educators**) regulating the method of conversion from temporary to permanent employment nationally as previously every province determined its own methodology.

In order for an educator to be eligible, the educator must be employed on a fixed term contract to a funded, substantive and vacant level 1 post. Please note that it does not apply to persons merely acting as substitutes.

The following must be in place before an educator can be converted permanently:

- he/she has been employed in the position for a continuous period of at least three months; and
- he/she qualifies for the position; and
- he/she is permanently registered with SACE; and
- he/she is an RSA citizen or permanent resident.

However, hierarchy is also involved as preference will be given to (a) an educator who is in addition to the establishment (b) a first-time applicant who must comply with the bursary requirements, (c) any other first-time applicant or (d) a qualified unemployed educator.

Under certain circumstances the conversion may be refused and not be available to an educator who previously took early retirement, unless individual permission was granted.

The principal commences the process by submitting the written confirmation of the SGB that there are no suitable educators in terms of the above-mentioned hierarchy, along with all other documents attesting to the above, to the Department.

Insofar as the conversion is a process subject to a number of requirements, there are several aspects that may hinder or impede the conversion, for example:

- gevalle waar die hoof nalaat of weier om die dokumente in te dien; of
- gevalle waar die SBL geweier het of bloot nagelaat het om aan die proses deel te neem; of
- gevalle waar daar dispute is oor die kwalifikasie(s) van die opvoeder of die inherente vereistes van die posisie.

Hierdie nuusbrief het ten doel om lede van die moontlikheid van omskakeling attent te maak en te herinner dat dit nie 'n proses is wat outomaties plaasvind nie.

Tree met die SAOU in verbinding indien daar enige onsekerheid of navrae in die verband bestaan. Ons verseker u dat die SAOU alles in ons vermoë sal doen om u by te staan met uitdagings **#wantonsgeeom**

Klik hier vir die RAVO Ooreenkoms 04 van 2018

- in some instances, the principal might omit or refuse to file the documents; or
- cases where the SGB blatantly refused to sign or to participate; or
- instances where there are disputes about the qualifications of the educator or the inherent requirements for the post.

This newsletter aims to alert members to the possibility of conversion and to remind them that this is not a process that takes place automatically.

In the event that there are any uncertainties, do not hesitate to contact the SAOU. We wish to assure you that the SAOU will do everything in its power to assist you with challenges **#becausewecare**

Click here for the ELRC Agreement 04 of 2018

